*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 18 Mei 2025**
**4e Sondag ná Pase**
**Dag van gebed, dank en voorbidding: NGK Vrystaat**

**Jesus sê: "Ek is die deur…", die ingang...**

*"Jesus het toe weer gesê: 'Amen, amen, Ek sê vir julle: Ek is die deur vir die skape…' 'Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.'"*
(Johannes 10:7 & 10:9)

Met Paastyd het ons nagedink oor Jesus se lyding en sy liefdesoffer ter wille van ons verlossing en sy opstanding uit die dood – sodat ons kan lewe. Die vierde evangelie – Johannes – se doel is om te verklaar wie Jesus is en geloof te wek by die lesers en hoorders in Jesus as die Christus, die Seun van God by ons, die Here wat lewe en vir ons die lewe gee.

In Johannes 10 maak Jesus belangrike uitsprake oor Homself aan die hand van die destyds bekende beeld van die herder. Hy gebruik hierby metafore van die deur, die skaapkraal, die rowers en die diewe. Jesus verklaar dat Hy die ingang van die skaapkraal is, wat toegang gee, redding bewerk en weiding waarborg. Die deur wat lewe gee en dit in oorvloed!

In die Johannes Evangelie vind ons deure wat letterlik maar ook figuurlik toestaan, gesluit om sommige buite te hou. In Johannes 10 lewer Jesus met sy derde Ek is-uitspraak kommentaar op hierdie toestaan-deure en geslote gemeenskappe (veral die geslote gemeenskap te sien in Johannes 9) en sê – twee keer in vanoggend se teks: "Ek is die deur". Anders as 'n deur wat wil skeiding bring, wat wil insluit en uitsluit, is Jesus die deur wat oopgaan en lewe bring en dit in oorvloed. Met hierdie uitspraak maak Jesus die deur wawyd oop vir die Samaritane, vir die Fariseers, vir Nikodemus (Johannes 3), vir die man by die bad van Betsata (Johannes 5), vir die vrou wat op owerspel betrap is (Johannes 8), vir die blindgebore man (Johannes 9), vir Petrus, en Thomas en selfs vir Judas – vir alle soorte mense!

Jesus is die deur, die oop deur, wat alle soorte mense verwelkom…

**Ds. Janke Hurter**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; die gesinsdiens in die saal gelei deur ds. Johan Marais.

Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

Ds. Jan Lubbe is vanoggend op besoek aan die NG Kerk Petrus Steyn.

## LITURGIE

**Klokgelui …**

**Verwelkoming**

**Aansteek van wydingskers**

**Wydingslied:** "God is hier teenwoordig" (Lied 159:1, 2 en 3)

**Votum & Seëngroet**

**Loflied:** "U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie (Lied 200:1, 2 en 3)

**Wet:** Johannes 13

**Verootmoedigingsgebed:** "Gods wet vra al ons liefde" (Lied 250:1, 2 en 5)

**Genadeverkondiging:** Johannes 3

**Danklied:** "Here, ons sal U loof" (Lied 214:1, 2 en 3)

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Johannes 10:1-10

**Verkondiging:** *Jesus sê: "Ek is die deur…", die ingang...*

**Gebed na die preek**

**Dankoffers**

**Slotlied:** "God is liefde!" juig ons harte (Lied 334:1, 2, 3 en 4)

**Seënbede en Amen**

**Orrelnaspel...**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 18 Mei | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Johan Marais: *Maak die meeste van jou lewe saam met God* (Pastorale Gesprek). |
| Sondag, 25 Mei | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in die saal – ds. Jan Lubbe.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé). |
| Donderdag, 29 Mei | 18:00 – Ds. Johan Marais (Hemelvaartdiens). |

Ons nooi u nou ook reeds uit na vanjaar se Pinksterreeks **"Gees - lewe - rus"** met Esegiël 37 as teks, en gelei deur ds Jan Lubbe: Sondag, 1 tot 8 Junie. Die Kinderpinksterdienste word weer gelei deur ds. Janke Hurter, en ds. Johan Marais by Siësta. Die gebruiklike Pinksteruitstalling en sop-en-broodjies is ook in die saal.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

18 Mei Lihan Botes; Gabriël Denner; Suné Foord; Barbara Henzen; Pieter Joubert; Saai Pienaar en Braam Pretorius.
19 Mei Devan Oberholzer en Naledi Tsubella.
20 Mei Conrad Janse van Rensburg; Toy Strydom en Laroché van Zyl
21 Mei Franzel van Zyl.
22 Mei Kitta Engelbrecht; Duan Kymdell; Marina Nel en Dané Pretorius.
23 Mei Lutje van Pletzen en Francois van Zyl.
24 Mei Corné van Rooyen.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Dirk Nel en sy dogter, Lynette (Maxzell 2, Kolbelaan, Wyk 13 (b); Johanna en Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15c); Elsie Strauss (Noorderbloem); Kathy Jansen (Shangrila 22, wyk 11(a); Annetjie van Wyk (Fluenta 4, wyk 8(c); Oom Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b). Ons dink ook aan Paul en Magriet Zietsman en hul familie; 'n kleindogter ontvang tans chemoterapie; en so-ook aan Ralie Poggenpoel in die Kaap, die moeder van Anne-Marie Herbst.

Ons meelewing gaan aan Juanique van Zyl, Francois en hul familie, met die heengaan van haar Ouma. Ons dra jul aan die Trooster op.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudie (18:30) o.l.v. ds. Jan Lubbe in Konsistorie: *"Paulus, Jesus en ons – wat glo jý?"*; om by hierdie groep in te skakel, whatsApp jou naam na 082-784-9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsvergadering:** Vanaand (18 Mei) om 18:00 open ons met die aanddiens, daarná tee en toebroodjies, en vergader ons verder. Sakelyste is elektronies versprei.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Mei** is Wyke 9 en 11 aan diens vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Vrouediens se Sondagpoeding VANDAG!**
Daar is nou net ná die erediens, nagereg te koop, voorberei deur die Vrouekomitee – kom ondersteun hul kontantfondse op dié manier (ingeval jy vergeet het vir vanmiddag se ete!); ook volgende paar Sondae...

**"Reünie" met Frank Opperman:**
'n Groot geselligheid (en fondsinsameling) wag vir Berg-en-Dal op Vrydagaand, 13 Junie 2025, wanneer ons saam gaan kuier, kerrie-en-rys vir aandete en goeie wyn kan geniet, en die fyn humor van Dana Snyman en Frank Opperman se uiters gewilde produksie "Reünie"; hou solank jul dagboek oop en reël met familie en vriende om saam te kom – ons gee volgende week meer besonderhede!

**Gasvryheid nodig:**
Die gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler wat ons verlede jaar besoek het) het 'n uitreik na die noorde, en benodig aandete en oornag vir Vrydagaand, 27 Junie vir ongeveer 30 lidmate – kan jul dalk 'n paar huisves? Kontak die kerkkantoor en gee jou naam en nommer op; baie dankie!

**JEUGBEDIENINING**
**Kinderpinkster:** Dit is amper weer tyd; ons tema vanjaar: *"Lewendmaker: Gees: 'n Nuwe Hart!"* Almal van voorskools tot Graad 7 kan vanaf Sondag, 1 Junie, kom poppekas kyk...
Daar is ook nog Nicea-hempies te koop, vir jonk en ouer (XXL & XXXL) @ R 150 per hempie!

**GETUIENIS- & BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**
Die Nasionale Kinderbeskermingsweek vind jaarliks plaas vanaf 29 Mei tot 5 Junie. ENGO bied 'n **"Child Protection Walk"** aan op **Saterdag, 31 Mei by Villa Avianto** – daar word op dié dag 'n insameling gehou (toiletware, nie-bederfbare voedsel ens). Die ENGO span nooi Berg-en-Dal graag uit om die stap saam met hulle te kom doen en te geniet.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 18 Mei: **Beursfonds vir Teologiese Opleiding.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

**Spesiale Dankoffer: Mei 2025**
Sien asb. die ingeslote brief van ons Komitee vir Geldsake en die Diakonie.
Ons staan tans op R 167 000,00 – baie dankie aan almal vir bydraes en meelewing.